NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Assesseringsboek

GRAAD 3

# AFRIKAANS

HUISTAAL

KWARTALE 1 & 2



basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


NATIONAL EDUCATION COLLABORATION TRUST

ETDP SETA

2030 NDP

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation

SACE



# Assesseringsboek

GRAAD 3 | KWARTAAL 1 & 2

## AFRIKAANS

NHLRP | National Home Language Reading Programme

# Inhoud


MONDELINGE LEESVLOTHEIDSTOETSE: OORSIG 1

KWARTAAL 1 9

KWARTAAL 1 MLV TOETSE 10

KWARTAAL 1 ONTLEDINGSVORM 18

KWARTAAL 1 ASSESSERINGSPROGRAM 20


KWARTAAL 2 29

KWARTAAL 2 MLV TOETSE 30

KWARTAAL 2 ONTLEDINGSVORM 37

KWARTAAL 2 ASSESSERINGSPROGRAM 39

GRAAD 3 MLV-REKORDKAART 47



# Mondelinge Leesvlotheidstoetse: Oorsig

## DBO se maatstawwe wat vir EGRA gebruik word

*Die DBO se maatstawwe dui die verwagte uitkomste aan wat teen die einde van die akademiese jaar bereik moet word:*

| Taal | Teen die einde van Graad 1 behoort alle leerders ten minste die volgende te kan lees: | Teen die einde van Graad 2 behoort alle leerders ten minste die volgende te kan lees: | Teen die einde van Graad 3 behoort alle leerders ten minste die volgende te kan lees: |
|---|---|---|---|
| isiNdebele HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| isiXhosa HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| isiZulu HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| Siswati HT | 40 kkpm | 20 kwpm | 35 kwpm |
| Sepedi HT | 40 kkpm | 40 kwpm | 60 kwpm |
| Sesotho HT | 40 kkpm | 40 kwpm | 60 kwpm |
| Setswana HT | 40 kkpm | 40 kwpm | 60 kwpm |
| Tshivenda HT | 40 kkpm | 35 kwpm | 55 kwpm |
| Xitsonga HT | 40 kkpm | 30 kwpm | 40 kwpm |
| Afrikaans HT | 40 kkpm | 50 kwpm | 80 kwpm |
| Afrikaans HT | 40 kkpm | 50 kwpm | 70 kwpm |
| Afrikaans EAT | n.v.t | 30 kwpm | 50 kwpm |

**kkpm = korrekte klanke per minuut / kwpm = korrekte woorde per minuut**

Die NHLRP ondersteun die DBO in hulle doel om teikengerigte ondersteuning aan leerders te bied wat lees betref. Hierdie ondersteuning sluit die volgende mondelinge leesvlotheidstoetse vir Graad 3 in:

| Graad / KWARTAAL | 60 sekondes kennis van letter-klank verhouding | 60 sekondes Lees van woorde | 60 / 180 sekondes Lees van 'n gedeelte | Mondelinge begripsvrae |
|---|---|---|---|---|
| Graad 3 KWARTAAL 1 | 3.1.A (60 klanke) | 3.1.B (60 woorde) | 3.1.C | 3.1.D (8 vrae) |
| Graad 3 KWARTAAL 2 | 3.2.A (60 klanke) | 3.2.B (60 woorde) | 3.2.C | 3.2.D (8 vrae) |
| Graad 3 Kwartaal 3 | 3.3.A (60 klanke) | 3.3.B (60 woorde) | 3.3.C | 3.3.D (12 vrae) |
| Graad 3 KWARTAAL 4 | 3.4.A (60 klanke) | 3.4.B (60 woorde) | 3.4.C | 3.4.D (12 vrae) |

## Voorbereiding vir die Mondelinge Leesvlotheidstoetse

1. U sal elke kwartaal twee kopieë van elke MLV ontvang.
   - Onderwyser se kopie - dit sluit die getal klanke of woorde per reël in.
   - Leerder se kopie - Gedruk in 'n toepaslike lettertipe en lettergrootte.
2. Berei vir die toetsing voor deur beide kopieë te lamineer.
   - Dit laat u toe om op die onderwyser se kopie te skryf, dit af te vee en weer te gebruik.
   - Dit beskerm ook die leerder se kopie. Op dié manier kan dieselfde toets herhaaldelik gebruik word.
3. Let wel: Enkelsydige kopieë van die MLV-toetse word as deel van die Flitskaarte-pakket verskaf.



**NHLRP Mondelinge Leesvlotheidstoets (MLV)**
**Verstaan die benoemingsprotokol**

2.1.A - dui die **graad** aan

2.1.A - dui die **kwartaal** aan

2.1.A - dui die **toetstipe** aan: Klanklees

## Administrasie van die Mondelinge Leesvlotheidstoetse

1. Voorsien die klas van 'n geskrewe aktiwiteit.
2. Roep leerders een op 'n slag om te lees.
3. Gee aan die leerder die "leerder se kopie" van die teks.
4. Stel 'n stophorlosie (selfoon) vir die gespesifiseerde tyd wat die leerder moet lees.
5. Sê vir die leerder om die teks hardop te lees totdat u stop sê.
6. Sê vir die leerder om klanke/woorde oor te slaan wat hulle nie vinnig kan lees nie.
7. Begin die tyd en luister hoe die leerder lees.
8. Gebruik 'n nie-permanente merkpen op die "onderwyser se gelamineerde kopie" van die teks om vir elke leerder 'n kolletjie te maak vir elke:
   - Klank of woord wat die leerder verkeerd lees
   - Klank of woord wat die leerder oorslaan
   - Klank of woord wat die leerder langer as 5 sekondes neem om te lees
9. Stop die leerder wanneer die gespesifiseerde tyd verstreke is en maak 'n aantekening van die laaste klank of woord wat die leerder gelees het.
10. Toets C, die leesstuk se leestoetse is ontwerp vir:
    - 60 sekondes lees van 'n gedeelte en
    - 180 sekondes lees van 'n gedeelte
11. Gebruik hierdie toetse as volg:
    - Pas Toets C vir die eerste 60 sekondes soos gewoonlik toe.
    - Luister hoe die leerder hardop lees vir die eerste 60 sekondes en maak 'n kolletjie op die onderwyser se kopie vir elke fout wat hy/sy begaan.
    - Maak 'n aantekening van die laaste woord wat die leerder binne 60 sekondes gelees het.
    - Gebruik hierdie data as Toets C se uitslae.
12. Laat die leerder daarna toe om die gedeelte vir Toets C verder te lees vir 'n verdere 120 sekondes of totdat hy/sy die hele leesstuk gelees het.
13. Gebruik vervolgens Toets D om die leerder se mondelinge begrip te toets.
    - Vra elke vraag aan die leerder en laat tyd toe om te antwoord.
    - As hulle nie binne 5–10 sekondes antwoord nie, beweeg na die volgende vraag.
    - Indien die leerder nie die leesstuk klaar gelees het nie, vra alleenlik die vrae wat hulle kan beantwoord.

# Assessering van vlotheid van mondelinge lees

## Administrasie van die toetse

1

Om die MLV-toets te administreer:

- Luister na 'n leerder wat die teks vir die gespesifiseerde tyd lees.
- Maak 'n kolletjie op u kopie van die teks elke keer as die leerder:
  - **a** 'n Klank of woord verkeerd lees
  - **b** 'n Klank of woord oorslaan
  - **c** Langer as 5 sekondes neem om 'n klank of woord te lees
- Stop die leerder wanneer die gespesifiseerde tyd verstreke is.



## Berekening van leesvlotheid

1. Werk die moontlike totaal vir die leerder uit.
    - Kyk tot waar die leerder klaar gelees het – let op die opgehoopte totaal vir daardie reël
    - Trek enige klanke of woorde af wat die leerder nie in die laaste reël gelees het nie
    - Dit is die moontlike totaal
2. Trek dan die aantal 'kolletjie'-woorde van die moontlike totaal af (woorde wat verkeerd gelees is, oorgeslaan of te lank geneem was om te lees). Dit gee u die leerder se totaal.
3. Teken die leerder se totaal vir die kwartaal aan.



# Assessering van vlotheid van mondelinge lees

## Administrasie van die toetse

1

Om leesvlotheid te bereken:


- Tel hoeveel woorde die leerder in 'n minuut lees.
- Trek die aantal 'stippelwoorde/ kolletjies' af.
- Teken die aantal woorde wat korrek gelees is in 'n minuut aan.

2

Laat ek sien hoe goed sy in haar leeswerk gevaar het.




3



4

Die laaste woord wat sy gelees het, was 'kamers'. Sy het 6 woorde in hierdie reël nie gelees nie, so die moontlike totaal is 32 woorde.




5

Sy het 2 foute gemaak, so haar totaal is 30 woorde korrek in een minuut.



## Rekordering van die MLV se resultate

1. Hierdie program sluit b*ladsye vir MLV re*kordering in.
2. Digitale kopieë van die rekorderingsbladsye is beskikbaar op die webwerf van NECT.
3. Gebruik hierdie rekorderingsbladsye om regdeur die jaar al die MLV se resultate op aan te teken.

## Gebruik van die Rekordblaaie en Analisevorms/Ontledingsvorms

1. Die program sluit ook 'n MLV An*alisevorm vir elke* kwartaal in.
2. Dit behoort gebruik te word om leerders se foute te dokumenteer vir doeleindes van remediëring.
   - Gebruik hierdie vorm regdeur die toetsproses.
   - Maak 'n merkie in die toepaslike kolom elke keer as die leerder 'n fout maak.
   - Sodra u die toets voltooi het, tel die merkies vir elke klank en woord op.
3. Prioritiseer die mees algemene foute vir remediëring soos volg:
   - **Klanke:** Onderrig die klank weer aan die hele klas. Maak dan vir die volgende paar weke seker dat u die betrokke klank insluit in samevoeging-, verdeling- en woordbou-aktiwiteite.
   - **Woorde:** Hersien die klanke in die woord met die hele klas. Hersien die vaardigheid van samevoeging met die hele klas. Vra individuele leerders om woorde te verdeel en saam te voeg. Fokus vir die volgende paar weke op samevoeging- en woordbou-aktiwiteite.
   - **Lees van gedeeltes:** Doen herhaalde lees van die teks as volg:
     - Lees 'n teks hardop aan die klas voor terwyl hulle in hul eie boeke volg.
     - Lees 'n teks saam met die klas en demonstreer die tempo en toon.
     - Vra verskillende groepe leerders om 'n gedeelte van die teks hardop te lees.
     - Gaan voort om die volgende paar weke verskillende tekste te prioritiseer vir herhaalde lees.
   - **Mondeling begrip:** Analiseer die probleem en voorsien remediëring as volg:
     - **Indien leerders nie daarin slaag om die hele gedeelte te lees nie, of indien hulle met baie** woorde sukkel: Gaan voort om dekodering- en vlotheidsvaardighede te bou. Leer die leerders om klanke te lees en saam te voeg, oefen samevoeging en verdeling van woorde, doen herhaalde lees van teksgedeeltes.
     - **Indien die leerders nie die inhoud van die gelese gedeelte ver**staan nie: Fokus op die bou van woordeskat en agtergrondkennis. Lees soveel stories as moontlik aan u klas.
     - **Indien die leerders die gedeelte kan volg, maar nie in staat is om die vrae** te beantwoord nie: Fokus op die onderrig van begripsvaardighede gedurende Gedeelde Lees. Verduidelik die betekenis van die vraag. Wys die leerders hoe om 'n antwoord op 'n vraag te vind. Gee die leerders baie mondelinge oefening in die beantwoording van vrae.
4. Gebruik die resultate om u groepbegeleide leesgroepe aan die begin van kwartaal op te dateer.
   - Plaas die leerders met die hoogste punte bymekaar. Hierdie groepe kan effens groter wees.
   - Plaas die leerders met die laagste punte bymekaar. Probeer om hierdie groepe so klein as moontlik te hou.
5. Volg elke leerder se uitslae gedurende die kwartaal.
   - Neem kennis van elke leerder se puntetelling vir die toets elke kwartaal.
   - Neem kennis van die leerders wat nie vordering maak nie of wat verswak.
   - U sal addisionele tyd met hierdie leerders moet deurbring, terwyl u op die korrekte vlak vir remediëring werk.

6. Neem kennis van die klasgemiddeld oor kwartale heen. As u 'n tekort aan vordering of 'n algehele agteruitgang in die klasgemiddeld waarneem, oorweeg die volgende:
   - Dink aan verlore of ontwrigte onderrigtyd gedurende die kwartaal. Onthou om leeslesse vorentoe te prioritiseer.



# KWARTAAL 1



# Kwartaal 1 MLV Toetse

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.A**
Onderwyser se kopie
60 klanke / 60 sekondes

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| k | A | r | v | D | W | z | ie | Oe | ui | 10 |
| aa | oo | ee | Z | oe | bl | aai | Br | oei | Eeu | 20 |
| Ou | Aa | Ee | Ui | w | uu | ei | Oo | Ei | Ie | 30 |
| b | p | H | g | J | X | q | c | x | ooi | 40 |
| ou | Uu | eu | Z | Eu | o | i | L | a | n | 50 |
| dr | Bl | br | Q | dw | eu | Ei | uu | oo | z | 60 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.A**
Leerder se kopie

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| k | A | r | v | D | W | z | ie | Oe | ui |
| aa | oo | ee | Z | oe | bl | aai | Br | oei | Eeu |
| Ou | Aa | Ee | Ui | w | uu | ei | Oo | Ei | Ie |
| b | p | H | g | J | X | q | c | x | ooi |
| ou | Uu | eu | Z | Eu | o | i | L | a | n |
| dr | Bl | br | Q | dw | eu | Ei | uu | oo | z |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.B**
Onderwyser se kopie
60 woorde / 60 sekondes

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| pyn | hom | vir | ons | rok | hout | vuur | ouma | nuus | Zeus | 10 |
| Zulu | neus | wag | dier | soet | skreeu | leeu | dwergie | drankie | groei | 20 |
| sien | huis | loop | ete | zoem | iets | daar | want | voor | muis | 30 |
| juk | lig | gogga | hek | pad | chloor | haaie | blomme | x-straal | nooit | 40 |
| ape | boom | been | naam | gaan | tas | kar | dink | vis | tot | 50 |
| hooi | Xhosa | quiche | ooit | braai | tuis | sebra | seuns | stroom | vure | 60 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.B**
Leerder se kopie

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| pyn | hom | vir | ons | rok | hout | vuur | ouma | nuus | Zeus |
| Zulu | neus | wag | dier | soet | skreeu | leeu | dwergie | drankie | groei |
| sien | huis | loop | ete | zoem | iets | daar | want | voor | muis |
| juk | lig | gogga | hek | pad | chloor | haaie | blomme | x-straal | nooit |
| ape | boom | been | naam | gaan | tas | kar | dink | vis | tot |
| hooi | Xhosa | quiche | ooit | braai | tuis | sebra | seuns | stroom | vure |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.C**
Onderwyser se kopie
Lees van 'n gedeelte / 60 & 180 sekondes

| | |
|---|---|
| Soms word ons kwaad. As ons kwaad is, wil ons dalk skree | 12 |
| of iets slaan. Ander kere voel ons hartseer. As ons hartseer | 23 |
| is, wil ons huil of net alleen wees. | 31 |
| Maak jou oë toe en haal diep asem as jy kwaad of hartseer | 43 |
| is. Dit kan jou help om te kalmeer. | 52 |
| Dit is goed om woorde te leer wat ons gevoelens beskryf. | 63 |
| Daar is woorde wat slegte gevoelens beskryf, soos kwaad, | 72 |
| hartseer, bang en ongelukkig. Daar is ook woorde om goeie | 82 |
| gevoelens te beskryf, soos gelukkig, opgewonde, kalm, bly, | 90 |
| vrolik en ontspanne. | 93 |
| As ons nie oor ons gevoelens praat nie, kan ons slegter | 104 |
| begin voel. As jy met iemand baklei het, probeer om | 114 |
| daaroor te praat. Jy kan sê: "Toe jy dit gedoen het, het dit | 127 |
| my ... laat voel." | 131 |
| Moenie vergeet om die ander persoon te vra hoe hy of sy | 143 |
| voel nie. Miskien is hulle ontsteld. Miskien gebeur daar 'n | 153 |
| slegte ding in hulle lewens. | 158 |
| Ons kan ander mense goed laat voel deur na hulle te luister. | 170 |
| Ons kan hulle ook 'n drukkie gee. Ons kan hulle vra om | 182 |
| saam met ons te speel. | 187 |
| Probeer dit. Kyk of dit vir jou werk. | 195 |

**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.C**
Leerder se kopie

Soms word ons kwaad. As ons kwaad is, wil ons dalk skree of iets slaan. Ander kere voel ons hartseer. As ons hartseer is, wil ons huil of net alleen wees.

Maak jou oë toe en haal diep asem as jy kwaad of hartseer is. Dit kan jou help om te kalmeer.

Dit is goed om woorde te leer wat ons gevoelens beskryf. Daar is woorde wat slegte gevoelens beskryf, soos kwaad, hartseer, bang en ongelukkig. Daar is ook woorde om goeie gevoelens te beskryf, soos gelukkig, opgewonde, kalm, bly, vrolik en ontspanne.

As ons nie oor ons gevoelens praat nie, kan ons slegter begin voel. As jy met iemand baklei het, probeer om daaroor te praat. Jy kan sê: “Toe jy dit gedoen het, het dit my ... laat voel.”

Moenie vergeet om die ander persoon te vra hoe hy of sy voel nie. Miskien is hulle ontsteld. Miskien gebeur daar ’n slegte ding in hulle lewens.

Ons kan ander mense goed laat voel deur na hulle te luister. Ons kan hulle ook ’n drukkie gee. Ons kan hulle vra om saam met ons te speel.

Probeer dit. Kyk of dit vir jou werk.



**NHLRP MLV**

Taal: Afrikaans
**Toets 3.1.D**
Onderwyser se kopie
8 Mondelinge begripsvrae

Vraagtipe: Herroeping van Eksplisiete Inligting

1. Wat wil ons dalk doen as ons kwaad is?
   Antwoord: skree of iets slaan.

Vraagtipe: Herroeping van Eksplisiete Inligting

2. Wat wil ons dalk doen as ons hartseer is?
   Antwoord: alleen wees of huil.

Vraagtipe: Herroeping van Eksplisiete Inligting

3. Watter twee woorde kan ons gebruik om goeie gevoelens te beskryf?
   Antwoord: gelukkig, opgewonde, ontspanne, kalm, bly, vrolik.

Vraagtipe: Direkte Afleiding

4. Hoekom, dink jy, is dit goed om oor jou gevoelens te praat?
   Leerder se eie antwoord: As ons nie daaroor praat nie, kan ons slegter voel./Die probleem word nie opgelos nie, ens.

Vraagtipe: Interpreteer en Integreer

5. Hoekom, dink jy, kan dit goed wees om vir die ander persoon te vra hoe hy of sy voel?
   Leerder se eie antwoord: Miskien is hulle ontsteld./Daar gebeur dalk nou iets slegs in hulle lewe./Hulle hou nie daarvan om met jou te baklei nie, ens.

Vraagtipe: Direkte Afleiding

6. Wat is van die dinge wat ons kan doen om ander goed te kan laat voel?
   Antwoord: Vra hulle hoe hulle voel, luister na hulle, gee hulle 'n drukkie en vra hulle om saam met jou te speel.

Vraagtipe: Herroeping van Eksplisiete Inligting

7. Wat is sommige van die woorde in die leesstuk wat gebruik word om gevoelens te beskryf?
   Antwoord: kwaad, hartseer, goeie, slegte, ontsteld, bang, opgewonde, kalm, vrolik, bly, ontspanne.

Vraagtipe: Ondersoek en Evalueer

8. Dink jy dat dit 'n goeie idee is om oor jou gevoelens te praat? Hoekom of hoekom nie?
   Leerder se eie antwoord – moet deur redes ondersteun word.

#  Kwartaal 1 Ontledingsvorm

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 3 KWARTAAL 1
**Ontledingsvorm**

| Klanke 3.1.A | Fouttelling | Totaal | Woorde 3.1.B | Fouttelling | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| k | | | pyn | | |
| A | | | hom | | |
| r | | | vir | | |
| v | | | ons | | |
| D | | | rok | | |
| W | | | hout | | |
| z | | | vuur | | |
| ie | | | ouma | | |
| Oe | | | nuus | | |
| ui | | | Zeus | | |
| aa | | | Zulu | | |
| oo | | | neus | | |
| ee | | | wag | | |
| Z | | | dier | | |
| oe | | | soet | | |
| bl | | | skreeu | | |
| aai | | | leeu | | |
| Br | | | dwergie | | |
| oei | | | drankie | | |
| Eeu | | | groei | | |
| Ou | | | sien | | |
| Aa | | | huis | | |
| Ee | | | loop | | |
| Ui | | | ete | | |
| w | | | zoem | | |
| uu | | | iets | | |
| ei | | | daar | | |
| Oo | | | want | | |
| Ei | | | voor | | |
| Ie | | | muis | | |

**NHLRP MLV**
Taal: Afrikaans
Graad 3 KWARTAAL 1
**Ontledingsvorm**

| Klanke 3.1.A | Fouttelling | Totaal | Woorde 3.1.B | Fouttelling | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| b | | | juk | | |
| p | | | lig | | |
| H | | | gogga | | |
| g | | | hek | | |
| J | | | pad | | |
| X | | | chloor | | |
| q | | | haaie | | |
| c | | | blomme | | |
| x | | | x-straal | | |
| ooi | | | nooit | | |
| ou | | | ape | | |
| Uu | | | boom | | |
| eu | | | been | | |
| Z | | | naam | | |
| Eu | | | gaan | | |
| o | | | tas | | |
| i | | | kar | | |
| L | | | dink | | |
| a | | | vis | | |
| n | | | tot | | |
| dr | | | hooi | | |
| Bl | | | Xhosa | | |
| br | | | quiche | | |
| Q | | | ooit | | |
| dw | | | braai | | |
| eu | | | tuis | | |
| Ei | | | sebra | | |
| uu | | | seuns | | |
| oo | | | stroom | | |
| z | | | vure | | |

# Assesseringsprogram

## Graad 3 KWARTAAL 1

**Die hersiene onderrigplan voorsien 'n model van skoolgebaseeerde assessering (SBA) vir elke kwartaal. Hiervolgens moet die volgende vaardighede en konsepte in Kwartaal 1 geassesseer word:**

| KOMPONENT | TAAK |
|---|---|
| **Luister en Praat** | Neem deel aan besprekings.<br>Vra vrae.<br>Toon sensitiwiteit teenoor die gevoelens van ander. |
| **Klanke** | Bou woorde met konsonantsamevoegings.<br>Rangskik woorde in alfabetiese volgorde. |
| **Lees en Begrip** | Lees hardop uit 'n boek op eie vlak.<br>Gebruik sigwoorde, klanke, kontekstuele en strukturele analitiese dekoderingsvaardighede.<br>Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.<br>Demonstreer begripsvaardighede, insluitend:<br>Letterlik, Voorspelling, Volgorde, Afleiding en Evaluering. |
| **Handskrif** | Kopieer en skryf woorde en kort sinne in aaneenlopende of kursiewe skrif. |
| **Skryf** | Skryf 2 paragrawe van ten minste 8 sinne oor 'n onderwerp. |

## VOORBEELDE VAN ASSESSERINGSTAKE

- *Hierdie assesseringstake is ontwerp om deel te vorm van die NHLRP.*
- *Waar toepaslik word die NHLPR se MLV-toetse ingesluit as deel van die assesseringsprogram.*
- *Hierdie assesseringstake mag net so gebruik word of aangepas word om aan Distriksvereistes te voldoen.*

### Luister en Praat

Neem deel aan besprekings.
Vra vrae.
Toon sensitiwiteit teenoor die gevoelens van ander.

### Aktiwiteit

- Doen dit enige tyd vanaf WEEK 5 tot WEEK 8 op Vrydae gedurende die les vir Luister en Praat.
- Plaas leerders in klein groepies (3–4 leerders).
- Skryf die besprekingsraam uit die Onderrigplan op die bord en verduidelik dit aan die leerders:

*Hierdie verhaal gaan oor...*

*Ek het van die karakter ... gehou, want ...*

*Ek het geleer dat ...*

## Kriteria

Sê vir leerders dat hulle moet:

- Beurte maak om elke vraag te beantwoord.
- Luister na elkeen se antwoode en kommentaar.
- Vra vrae of kommentaar lewer nadat elkeen 'n beurt gehad het om te antwoord.

## Implementering

- Loop rond en luister na 2–3 groepe per les.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Neem deel aan besprekings.** | Die leerder is stil en/of die leerder se aandag word afgelei. Die leerder probeer nie om by die groepbespreking betrokke te raak nie. | Die leerder is ietwat stil en/of sy/haar aandag word afgelei. Die leerder probeer min doen om by die groepbespreking betrokke te raak. | Die leerder is meestal teenwoordig en op en wakker tydens die bespreking. Die leerder wend 'n goeie poging aan om aan die groepbespreking deel te neem. | Die leerder is teenwoordig en op en wakker tydens die bespreking. Die leerder neem volledig deel aan die groepbespreking. |
| **Vra vrae** | Die leerder probeer geen relevante of betekenisvolle vrae stel nie. Of die leerder is ontwrigtend en stel irrelevante vrae. | Die leerder probeer om vrae te stel, maar dit is nie regtig relevant of betekenisvol nie. | Die leerder vra vrae wat meestal relevant is. | Die leerder vra vrae wat relevant of betekenisvol is. |
| **Toon sensitiwiteit teenoor ander** | Die leerder luister nie na die groepslede nie, wil sy eie mening voorop stel en beskou die groep se menings as minderwaardig. Die leerder bied nie positiewe terugvoer nie. | Die leerder luister gewoonlik na die groepslede, maar stel soms sy eie mening voorop. Die leerder bied soms positiewe terugvoer. | Die leerder luister altyd na groepslede en bied positiewe en ondersteunende terugvoer. | Die leerder luister altyd na groepslede en stel nooit sy eie mening voorop nie. Die leerder gee dikwels positiewe terugvoer. |

### Klanke (1)

Bou woorde met konsonantsamevoegings.

### Aktiwiteit

- Doen dit in WEEK 7 of 8 tydens Groepbegeleide Lees.
- Skryf die volgende lys van konsonantsamevoegings op die bord: tw, vl, vr, spr, str, skr, -ng, -nk, -lf, -lm, -ns, -nd
- Sê vir die leerders om soveel as moontlik woorde te bou deur die konsonantsamevoegings te gebruik.
- Gee leerders 5 minute vir hierdie taak.
- Neem hulle boeke in en merk en tel die aantal woorde wat korrek gebou is.
- Assesseer elke leerder deur die onderstaande Memorandum te gebruik.

### Memorandum

Ken aan leerders 'n maksimum van 20 punte as volg toe:

- 1 punt vir elke korrekte woord wat 'n konsonantsamevoeging bevat.
- Gebruik die omskakelingstabel hieronder om dit na 'n vlak om te skakel.

| Aantal woorde korrek geskryf | VLAK |
|---|---|
| 1 – 5 | 1 |
| 6 - 10 | 2 |
| 11 - 15 | 3 |
| 15 - 20 | 4 |

## Klanke (2)

Rangskik woorde in alfabetiese volgorde.

### Aktiwiteit

- Doen dit op Woensdae in WEEK 6 of 7 gedurende die les vir Klanke.
- Skryf 'n lys van 8 kort woorde op die bord, begin telkens met 'n ander letter van die alfabet.
- Voorbeeld:
  1. hond
  2. aap
  3. sebra
  4. leeu
  5. buffel
  6. krokodil
  7. olifant
  8. jagluiperd
- Sê vir die leerders om die woorde vanaf 1–8 in alfabetiese volgorde in hulle boeke te skryf.
- Verduidelik dat hulle dit moet doen deur stelselmatig deur die letters van die alfabet te werk – kyk of daar 'n woord is wat met 'a' begin, en so meer.
- Neem hulle boeke in en tel die aantal woorde wat korrek in alfabetiese volgorde geskryf is.
- Voorbeeld:
  1. aap
  2. buffel
  3. hond
  4. jagluiperd
  5. krokodil
  6. leeu
  7. olifant
  8. sebra
- Assesseer elke leerder deur die onderstaande memorandum te gebruik.

### Memorandum

- Ken 'n punt toe vir elke woord wat in die korrekte alfabetiese orde geplaas is.
- Gebruik die omskakelingstabel hieronder om dit na 'n vlak om te skakel.

| Aantal woorde korrek geskryf | VLAK |
|---|---|
| 1 – 2 | 1 |
| 3 - 4 | 2 |
| 5 - 6 | 3 |
| 7 - 8 | 4 |

## Lees

Lees hardop uit 'n boek op eie vlak.
Gebruik sigwoorde, klanke, kontekstuele en strukturele analitiese dekoderingsvaardighede.
Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.

### Aktiwiteit

- Dit kan in WEEK 7 of WEEK 8 gedoen word.
- Roep elke lid van die groep tydens Groepbegeleide Lees om individueel vir u te kom lees.
- Vra die leerder om die Hardopgedeelte in die Kernleesboek in Vrydae se lesse van WEEK 6 of 7 te lees.

### Implementering

- Roep die leerders een-vir-een om 'n teksgedeelte hardop vir u te lees.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Dekoderings-vaardighede** | Die leerder benodig baie klank-ondersteuning van die onderwyser om 'n onbekende woord te lees. Die leerder sukkel om woorde in lettergrepe of klanke te verdeel. | Die leerder probeer klanke gebruik om onbekende woorde te lees, maar benodig ondersteuning van die onderwyser. Die leerder kan woorde in lettergrepe of klanke verdeel met die ondersteuning van die onderwyser. | Die leerder vertel die grootste deel van die storie in die korrekte volgorde. Die begin, middel en einde is duidelik. | Die leerder vertel die storie in die korrekte volgorde. Die begin, middel en einde is duidelik en interessant. |
| **Hoëfrekwensie woorde** | Die leerder ken baie min hoëfrekwensie woorde. | Die leerder ken 'n aantal hoëfrekwensie woorde. | Die leerder ken baie hoëfrekwensie woorde. | Die leerder ken alle aangeleerde hoëfrekwensie woorde. |
| **Vlotheid en uitdrukking** | Die leerder stop gereeld, slaan woorde oor en lees woord-vir-woord. Die leerder gee geen aandag aan uitdrukking/lees met gevoel nie. | Die leerder lees die meeste van die teks, maar lees woord-vir-woord. Die leerder gee min of geen aandag aan uitdrukking/lees met gevoel nie. | Die leerder lees die meeste van die teks vlot en met 'n mate van uitdrukking/gevoel. | Die leerder lees die teks vlot en met goeie uitdrukking/gevoel. |



## Begrip

Lees met toenemende vlotheid en uitdrukking.
Demonstreer begripsvaardighede, insluitend:
Letterlik, Voorspelling, Volgorde, Afleiding en Evaluering.

## Aktiwiteit

- Dit kan te enige tyd vanaf WEEK 4 tot WEEK 7 gedoen word.
- Gebruik die storie uit die Grootboek of Storiebundel van die vorige week.
- Laat die klas rustig word om die taak te voltooi.
- Roep dan individuele leerders na u lessenaar om die assessering te voltooi.
- Vra die leerders om 1–2 van elk van die volgende soort vrae oor die teks te antwoord:

## Letterlike vrae oor besonderhede

1. Wie ...?
2. Wat ...?
3. Wanneer ...?
4. Hoe ...?
5. Waar ...?

## Maak voorspellings

1. Wat dink jy sal volgende gebeur? Waarom?
2. Hoe dink jy sal die verhaal eindig? Waarom?

## Volgorde

1. Wat het aan die begin van die storie gebeur?
2. Wat het aan die einde van die storie gebeur?
3. Wat het gebeur nadat ...?
4. Wat het eers gebeur: ... of ...?

## Afleidings

1. Wat kan jy aflei van/uit ...?
2. Hoe dink jy ...?
3. Hoekom dink jy ...?

## Evaluasies

1. Dink jy dat dit die regte ding was om te doen? Hoekom of hoekom nie?
2. Dink jy dat dit die verkeerde ding was om te doen? Hoekom of hoekom nie?
3. Kan jy (die karakter) se gedrag evalueer?

Assesseer elke leerder deur die rubriek wat volg te gebruik.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
| **Letterlike vrae oor besonderhede** | Die leerder sukkel om enige besonderhede uit die storie te herroep, selfs met hulp/ aanmoediging van die onderwyser. | Die leerder onthou besonderhede uit die verhaal, met ’n bietjie hulp/ aanmoediging. | Die leerder onthou die meeste besonderhede uit die verhaal, met ’n bietjie hulp/ aanmoediging. | Die leerder onthou alle besonderhede uit die verhaal, sonder hulp/ aanmoediging. |
| **Voorspellings** | Die leerder sukkel om ’n redelike voorspelling te maak. | Die leerder maak ’n redelike voorspelling met die ondersteuning van die onderwyser. | Die leerder maak ’n redelike voorspelling, maar sukkel om die antwoord te regverdig. | Die leerder maak ’n goeie voorspelling en kan die antwoord regverdig. |
| **Volgorde** | Die leerder sukkel om gebeurtenisse uit die teks in die korrekte volgorde te plaas, selfs met ondersteuning. | Die leerder kan gebeurtenisse uit die teks in die korrekte volgorde plaas met ’n mate van ondersteuning. | Die leerder kan gebeurtenisse uit die teks in die korrekte volgorde plaas, maar dit neem heelwat tyd. | Die leerder kan gebeurtenisse uit die teks vinnig in die korrekte volgorde plaas. |
| **Afleiding** | Die leerder sukkel om ’n afleiding te maak oor ’n karakter of gebeurtenis uit die verhaal, selfs met ondersteuning. | Die leerder maak ’n redelike afleiding oor ’n karakter of gebeurtenis uit die verhaal met ondersteuning. | Die leerder maak ’n redelike afleiding oor ’n karakter of gebeurtenis in die verhaal sonder ondersteuning. | Die leerder maak ’n goeie afleiding oor die karakter of gebeurtenis uit die verhaal sonder ondersteuning. |
| **Evaluasies** | Die leerder sukkel om ’n afleiding te maak oor ’n karakter of gebeurtenis uit die verhaal, selfs met ondersteuning. | Die leerder maak ’n redelike afleiding oor ’n karakter of gebeurtenis uit die verhaal met ondersteuning. | Die leerder maak ’n redelike afleiding oor ’n karakter of gebeurtenis in die verhaal sonder ondersteuning. | Die leerder maak ’n goeie afleiding oor die karakter of gebeurtenis uit die verhaal sonder ondersteuning. |



## Handskrif

Kopieer en skryf woorde en kort sinne in aaneenlopende of kursiewe skrif.

### Aktiwiteit

- Doen dit regdeur die kwartaal gedurende die Handskriflesse.
- Gebruik die lesse wat in die NHLRP-Onderrigplan voorsien word.
- Loop gedurende die les in die klas rond en neem die leerders se handskrifvaardighede waar.
- Neem kennis van elke leerder se vermoë om letters in lopende skrif korrek te vorm, die grootte en spasiëring van woorde te beheer en om teen 'n goeie spoed te skryf.
- Assesseer elke leerder deur die rubriek te gebruik wat volg.

| RUBRIEK | VLAK 1 | VLAK 2 | VLAK 3 | VLAK 4 |
|---|---|---|---|---|
